

Kain en Abel (OP130)

Gen 4:1-16

21 Mei 2023

In Gen 3 het ons geleer van Adam en Eva se ongehoorsaamheid. Die Here God het hulle geoordeel, maar in Sy oordeel het Hy ook 'n verbond met hulle opgerig. Die essensie van hierdie verbond is dat God steeds op pad is na Sy oorspronklike einddoel met die skepping, en daarom moet Adam en Eva steeds gehoorsaam wees aan hulle skeppingsopdragte. Daar is veral klem gelê op die feit dat hulle steeds moet vermeerder en die aarde vul, asook dat hulle steeds moet heers oor die aarde. Die ander opdragte is ietwat op die agtergrond, maar ons weet in latere verbondsluitings sal hulle ook weer na vore kom. Die groot vooruitgang van die skeppingsverbond na die verbond met Adam was dat die Adamverbond 'n genadeverbond was, en dat die Here God in hierdie verbond die verantwoordelijkheid op Homself geneem het om sodoende toe te sien dat Sy doel bereik sal word. In Sy genade maak Hy die mens medewerkers deurdat Hy hulle sal toerus sodat hulle wel hulle opdragte sal nakom – met dit in gedagte gee Hy vir hulle velklere om hulle naaktheid te bedek, en Hy beloof Een uit die nageslag van die vrou wat die duiwel sal oorwin. Nou is daar hoop op lewe vir ten minste 'n deel van die mensdom, selfs al het hulle geestelik gesterf tydens die sondeval, en selfs al gaan hulle ook nog fisies sterf. Hulle beleef egter ook God se oordeel weens hulle ongehoorsaamheid in die sin dat die swangerskappe van die vrou swaar sal wees, dat daar spanning in hulle huwelikke sal wees tussen 'n man en sy vrou, en dat die mens in die sweet van sy aangesig sal moet werk om te kan eet en die aarde te onderwerp.

Dit bring ons nou by Gen 4. Die eerste saak wat ek wil uitlig rakende Gen 4, is dat ons dit moet sien as deel van Gen 2 en 3. Ons is geneig om te dink aan Gen 1 en 2 as die skeppingsgebeure, aan Gen 3 as die sondeval, en dan vanaf Gen 4 volg die geskiedenis van Adam en Eva se nageslag – en in 'n sekere sin is dit reg. Maar onthou wat ons aan die begin van ons bestudering van Genesis gesien het: Die boek is opgedeel in 11 sogenaamde toledots – 11 keer in die boek lees ons: “Hier volg die geskiedenis van...” of “Hier volg die familiegeskiedenis van...”. Die eerste toledot is in Gen 2:4, en die tweede toledot is in Gen 5:1. Volgens hierdie klassifikasie is die gebeure in Gen 4 deel van die eerste toledot, en moet ons dit sien as deel van die geskiedenis van toe die Here God die hemel en die aarde geskep het. In hierdie hoofstuk lees ons van die gebeure toe die mens buite die tuin van Eden gaan woon het toe hulle uit die tuin weggestuur is. Ons lees hier van die begin van hulle nageslag, en ook waarmee hulle besig was buite die tuin. Wat die struktuur van Gen 4 self betref, kan ons dit opdeel in drie dele: (1) die geskiedenis van Kain en Abel (vers 1-16), (2) die nageslag van Kain (vers 17-24), en (3) die geboorte van Set en die begin van sy nageslag (vers 25-26). Let op hoe elkeen van hierdie drie gedeeltes begin: Vers 1 – Die mens het met Eva, sy vrou gemeenskap gehad...; Vers 17 – Kain het met sy vrou gemeenskap gehad...; Vers 25 – Adam het weer gemeenskap gehad met sy vrou... Baie duidelik lê die Here God klem op die nageslag in lyn met die skeppingsopdrag om te vermeerder en te vul.

Ek wil vandag net stilstaan by die eerste gedeelte van Gen 4 wat handel die geskiedenis van Kain en Abel (Gen 4:1-16). Ons gaan begin deur sistematies deur hierdie verse te werk en in die eerste plek te fokus op die offers wat Kain en Abel gebring het (Gen 4:1-5a), daarna gaan ons kyk na die hart van Kain (Gen 4:5b-16), en laastens wil ek 'n paar toepassings maak.

Die offers van Kain en Abel (Gen 4:1-5a)

Die genre van Gen 4 is 'n narratief. Ons het hier 'n beskrywing van geskiedenis, d.w.s. ons lees hier van historiese gebeurtenisse wat werklik gebeur het – soos wat ons gesien het ook die geval was met Gen 2 en 3.

In vers 1 lees ons dat Adam met sy vrou gemeenskap gehad het, dat sy swanger geword het en geboorte gegee het aan Kain. Die feit dat sy swanger was en geboorte gegee het aan 'n kind, is in lyn met wat die Here God in Gen 3 gesê het sal gebeur. Ons lees die naam van die kind was Kain. Die naam “Kain” beteken om “te verkry”, of “te ontvang” of “te hê” – en dit is in lyn met wat Eva gesê het: “Ek het van die Here 'n man verkry”. Volgens verskeie kommentare is die Hebreeus van hierdie uitdrukking ietwat onduidelik. Collins het 'n lang tegniese beredenering oor wat dit kan beteken, en op die ou end is sy, en ook verskeie ander kommentare, se gevolgtrekking die manier waarop dit in enige van die drie Afrikaanse vertalings vertaal is, is heelwaarskynlik korrek. Ek laat die saak dus daar. Maar let op wat Eva sê: Sy sê: “Ek het van die Here – van die Verbondsgod – 'n man gekry”. As Kain gebore word, sien sy die feit daarin raak dat die Verbondsgod gesê het daar sal 'n nageslag wees vir haar – en hier is die eerste een: 'n seun! Sommige kommentare spekuleer of sy dalk gedink het hierdie seun is die Een wat die Here God beloop het wat die duiwel sou oorwin. Wel, die optrede van Kain sou bewys dat dit nie die geval is nie.

Vers 2 vertel dat Eva weer geboorte gegee het – aan 'n broer vir Kain. Hierdie kind se naam was Abel. Die naam “Abel” beteken iets soos “damp” of “asem” – met die betekenis van kortstondigheid. Ons weet hoe dit waar geword het in Abel se lewe. Die vers vertel ons ook van die beroepe wat beide Kain en Abel beoefen het – Kain was 'n landbouer en Abel was 'n herder van kleinvee. Beide hierdie beroepe was eerbare beroepe soos wat uit die latere Ou Testamentiese geskiedenis duidelik word. Maar let op: beide 'n landbouer en kleinvee boer is besig om oor die aarde te heers as deel van hulle beroepe – in lyn met die skeppingsopdrag van die Here God.

Kom ons lees verse 3-5. Beide Kain en Abel het offers gebring aan die Here – Kain het 'n offer gebring van die vrug van die grond, m.a.w. hy het 'n offer gebring uit sy landbou-aktiwiteite, terwyl Abel 'n offer gebring het uit die eersteling van sy kleinvee en van hulle vet. Wel, dit is ietwat onverwags: Tot dusver het ons nêrens in Genesis gelees dat die Here die opdrag gegee het dat die mens offers moet bring nie. Ja, dit is so dat daar later in die Pentateug baie detail gegee word oor 'n verskeidenheid offers wat die Here verwag het die volk moes bring. Maar dit het eers later gevolg. Wat netso onverwags is, is dat die Here Abel en sy offer met guns beskou het (die OAV sê die Here het Abel en sy offer genadig aangesien), maar daarteenoor het die Here Kain en sy offer nie met guns beskou nie. Die vraag is natuurlik hoekom die Here op verskillende maniere teenoor die broers en hulle offers opgetree het. Deur die loop van die geskiedenis is daar al verskeie verduidelikings gegee. Ek noem 'n paar:

- Abel se offer uit sy kleinvee het beteken dat sy offer gepaard gegaan het met die vloei van bloed, terwyl Kain se offer uit die vrug van die grond nie gepaard gegaan het met die vloei van bloed nie. Ons weet hoeveel klem later in die Ou Testament geplaas word op diereoffers, en daarom is daar al geredeneer dit is hoekom Abel se offer deur die Here met guns beskou is.
- Daar is ook al geredeneer dat Abel se offer 'n beter kwaliteit offer was – volgens vers 4 het hy juis van die eersgeborenes van sy kleinvee gebring, en ook spesifiek van hulle vet – wat as die beter deel van die dier geag is. Daarteenoor lees ons dat Kain net van die vrug van die grond gebring het – ons lees nie dat dit van die eerste opbrengs van die seisoen was nie. Daar is dus al geredeneer dat weens die beter kwaliteit van Abel se offer, die Here dit met guns beskou het.

- Daar is ook al geredeneer dat ons moet onthou dat die Here God in Gen 3:17 vir Adam gesê het dat die grond vervloek is weens Adam se ongehoorsaamheid – en daarom sou 'n offer van die vrug van die grond nie vir die Here aanvaarbaar wees nie.
- Daar is ook al geredeneer dat die eintlike verduideliking vir die verskillende reaksies van die Here op die twee broers se offers lê in die verskil in hulle hartsgesindheid.

Dit is natuurlik so dat die Bybel nie reguit vir ons sê hoekom Hy so verskillend teenoor hulle offers opgetree het nie. Maar ons kan tog 'n goeie idee ontwikkel deur na die res van die gebeure te kyk, en ook deur te kyk na wat verder in die Bybel geleer word.

As mens na die offers kyk wat later in die Pentateug voorgeskryf is, is dit so dat verskillende offers verskillende doelwitte gehad het. Sommige offers was juis daar om aan die nood vir versoening vir sondes te herinner – dink maar aan die brandoffers of die skuldoffers. Ander offers het egter gedui op gemeenskap met die Here – dink hier aan die graanoffer of die offer van die eersteling van die aanwas van diere. As ek die kommentatore reg verstaan, is die woord wat hier in Gen 4 gebruik word vir offer, die woord wat eerder na laasgenoemde tipes offers verwys wat gedui het op gemeenskap met die Here. Onthou wat ons laasweek gesien het toe die Here God vir Adam en Eva uit die tuin gedryf het: onder andere het dit beteken daar het afstand gekom tussen die Here God en die mens. Dit was immers juis in die tuin wat hulle gemeenskap gehad het voor die sondeval. Wat ons nou hier in Gen 4 sien was dat die offers die manier geword het om weer tot 'n mate gemeenskap met die Here te hê.

Kom ons kyk na twee van die offers wat later vir die volk voorgeskryf is:

- Lees Deut 15:19-23. Hier lees ons dat die volk elke manlike eersteling uit hulle beeste en kleinvee aan die Here God moes wy. In vers 20 lees ons spesifiek dat die persoon wat die offer bring saam met sy huisgesin hierdie offer kon eet. Hulle moes dit eet in die teenwoordigheid van die Here God op die plek wat die Here daarvoor sou aanwys. Hierdie was dus 'n offer wat gemik was op gemeenskap met die Here, wat hierdie diere aan hulle verskaf het. Duidelik is hier ooreenkomste met die offer wat Abel gebring het. Ons kan dus aflei dat Abel met die bring van die eersgeborenes uit sy kleinvee gestreef het na gemeenskap met die Here.
- Lees Lev 2:1-3. Hier lees ons dat iemand 'n graanoffer aan die Here kon bring. 'n Deel van hierdie offer moes verbrand word op die altaar as 'n geurige offer aan die Here. Die res van die offer kon deur die hoëpriester en priesters geëet word – weereens 'n offer wat dui op gemeenskap met die Here. Maar lees nou vers 14 – Uit hierdie vers is dit duidelik dat nie alle graanoffers spesifiek van die eerste opbrengs van die oes hoef te gewees het nie – dit kon, en dan lyk dit of die hele offer aan die Here gewy en verbrand is, maar dit was ook heeltemal normaal om 'n graanoffer te bring wat nie van die eerste deel van die opbrengs was nie. Dit herinner aan die offer wat Kain gebring het – en al was sy offer nie van die eerste opbrengs van die oes nie, beteken dit nie noodwendig dat dit die rede was hoekom die Here dit nie met guns beskou het nie.

As ons nou teruggaan na die redes wat al aangevoer is hoekom die Here nie Kain se offer met guns beskou het nie, blyk dit dat heelwat van hierdie redes nie werklik water hou nie:

- Daar was later offers wat nie noodwendig met bloedvloeiing gepaard gegaan het nie, en wat steeds aanvaarbaar was voor die Here. Trouens die offers van beide Kain en Abel was eerder om gemeenskap met die Here te hê, waarvoor bloedvloeiing nie noodsaaklik was

nie. Die offers was nie om versoening vir sondes te bewerk nie, waarvoor bloedvloeiing wel noodsaaklik was.

- Dit was nie nodig dat 'n graanoffer uit die eerste opbrengs van die land gebring hoef te word nie – so Kain se offer sou in beginsel ook aanvaarbaar kon wees.
- Al is die land deur die Here vervloek in Gen 3, was daar wel later offers van die land wat vir die Here aanvaarbaar was.

Dit beteken die enigste oorblywende verklaring vir hoekom die Here nie Kain se offer met guns beskou het nie, moet die gesindheid in sy hart wees.

Die hart van Kain (Gen 4:5b-16)

Ons lees in vers 5b dat Kain kwaad geword het en dat hy terneergedruk was. Dit wys vir ons al iets van die hart van Kain. Sy reaksie op die Here wat nie sy offer met guns beskou nie, is om kwaad te word.

In verse 6-7 konfronteer die Here die eerste keer vir Kain. Die Here vra vir hom: “Waarom is jy kwaad en waarom is jy terneergedruk?” Wat ons moet raaksien is dat al het die Here nie Kain se offer met guns beskou nie, het die Here kennis geneem van sy offer, en dit nie net geïgnoreer nie. Die Here is ook bewus van Kain se reaksie na die tyd en spreek dit aan. Die Here verduidelik vir Kain daar is een van twee benaderings wat hy kan volg: Óf Kain kan goed doen – dan sal hy geen rede hê om terneergedruk te wees nie, en dan kan hy sy kop optel. Óf Kain kan doen wat nie goed is nie – dan sal die sonde op die loer wees voor sy deur, en die sonde sal oor hom wil heers. En by implikasie, as Kain hieraan sou toegee, sou dit beteken dat hy terneergedruk gaan word. Die oproep van die Here is dat Kain nie moet toelaat dat die sonde oor hom heers – trouens hy moet oor die sonde heers!

Kan ek jou herinner aan wat Jak 1:15 ons leer: “Dan, wanneer die begeerte bevrug is, gee dit geboorte aan die sonde, en wanneer die sonde volgroeï is, gee dit geboorte aan die dood.” Jakobus se punt is: begeertes gee aanleiding tot sonde, en die sonde gee aanleiding tot die dood. In Rom 7:8 lees ons dat Paulus sê: “Nadat die sonde deur die gebod 'n vastrapplek gekry het, het dit allerlei begeertes in my gewek, want sonder die wet is die sonde dood.” Sien jy? Jakobus sê: begeertes gee aanleiding tot sondes. Paulus sê: sondes gee aanleiding tot begeertes. Dit is 'n kringloop, en eventueel heers die sondes en begeertes. En dit is die punt van die Here teenoor Kain: die sonde lê op die loer voor die deur en begeer Kain – die sonde wil oor Kain heers. Maar Kain moet oor die sonde heers. Ek glo dit word duidelik hoekom die Here nie Kain se offer met guns beskou het nie: daar was 'n probleem in Kain se hart. Al het Kain 'n offer gebring wat in beginsel aanvaarbaar sou wees voor die Here, het hy nie goed gedoen nie – want daar was 'n probleem in sy hart. Sy hart was nie in sy offer nie. Kain was die eerste persoon wat gedink het formalistiese uitvoering van offers, of ander godsdienstige pligte, is goed genoeg vir die Here – terwyl die Here eerder begaan is oor die hart van die persoon wat die offer, of plig, uitvoer.

In vers 8 word Kain se hart nog duideliker: Toe hy en Abel saam in die veld was, maak hy vir Abel, sy broer, dood. Duidelik het Kain nie ag geslaan op die Here se advies aan hom nie. Hardkoppig het hy voortgegaan met sy eie oortuigings – dit wys nog meer van Kain se hart. Selfs al konfronteer en waarsku die Here hom, luister hy nie, maar gaan eerder voort en vermoor sy broer. Onthou, in Gen 3 het Adam en Eva gesondig deurdat hulle geëet het van die boom waarvan hulle nie mog eet nie. Een van die gevolge was dat daar spanning gekom het tussen Adam en Eva – “Na jou man sal jou begeerte wees, maar hy sal or jou heers” (Gen 3:16). Maar nou brei die spanning uit – dit is nie meer beperk tot man en vrou nie, nee, daar is nou ook jaloesie tussen broer en broer. Die sonde word ook erger – dit is nie meer net eet van 'n boom nie, dit is nou moord.

Dit gee aanleiding tot 'n tweede konfrontasie deur die Here in verse 9-15. In vers 9 vra die Here vir Kain: "Waar is Abel, jou broer?" Onthou jy Gen 3:9 na die sondeval toe die Here vir Adam gevra het: "Waar is jy?" Die Here laat sonde eenvoudig nie net daar nie – Hy konfronteer die sondaar. Kain se antwoord was: "Ek weet nie; is ek dan my broer se oppasser?" Hierdie was eenvoudig 'n leuen – Kain het presies geweet wat met sy broer gebeur het. Vergelyk dit met Adam en Eva se antwoorde in Gen 3:12-13 waar hulle toe hulle deur die Here gekonfronteer was, gereageer het deur die blaam te skuif na Eva en die slang. Maar Kain se optrede is erger as hulle optrede: Hy blameer nie net iemand anders nie – hy lieg vir die Here. Die ernstigheid van Kain se sonde is erger, en sy reaksie op die konfrontasie van die Here, is ook erger as hulle s'n.

Uit vers 10 is dit duidelik dat die Here geweet het wat van Abel geword het – netsoos Hy in Gen 3:11 geweet het hoekom Adam en Eva skielik skaam was oor hulle naaktheid. Die Here het nie die vraag uit onkunde gevra nie, maar as 'n geleentheid vir Kain om skuld te erken – wat Kain nie gebruik het nie. Die Here het gesê: Die bloed van Abel roep na Hom vanuit die grond. Vergelyk dit met Op 6:10 waar die gelowiges wat doodgemaak is weens hulle getuienis, uitroep met die oopmaak van die vyfde seël "Tot wanneer, heilige en ware Here, gaan U uitstel om u oordeel te voltrek, en ons bloed op die aardbewoners wreek?" Die onreg en selfs dood wat gelowiges verduur a.g.v. die optrede van goddelose mense, gaan ook nie ongemerk by die Here verby nie – Hy sal dit wreek.

In verse 11-12 spreek die Here oordeel uit oor Kain. Daar is drie elemente in die Here se oordeel oor hom: (1) Kain word vervloek. (2) Hy word verban van die grond waar hy Abel vermoor het – hy word dus 'n doellose swerwer. (3) Die grond sal nie meer sy opbrengs vir hom gee nie – onthou, hy was 'n landbouer. Vergelyk hierdie oordeel met die Here se oordeel oor Adam: Adam is nie self vervloek nie, Kain is wel. Adam sou steeds met sweet die opbrengs van die grond kon geniet, Kain nie. Adam is uit die tuin gestuur – Kain word 'n doellose swerwer. Soos wat die sonde erger word, soos wat die hardheid van hart erger word, so word die Here se oordeel ook erger.

In verse 13-14 kla Kain by die Here dat sy straf te erg is. Let op: hy pleit steeds nie vir vergiffenis nie, hy verander steeds nie sy hart nie – nee, hy wil net 'n ligter straf hê. Selfs al het hy vir Abel doodgemaak, is hy nou bekommerd dat ander hom gaan doodmaak. Ons sien 'n soortgelyke reaksie by die mense wat deel is van die koninkryk van die dier as die vyfde bak uitgegooi word in Op 16:11 – al het hulle op hulle tonge gebyt van die pyn, al was hulle vol pyn en swere, nogtans het hulle nie tot bekering van hulle dade gekom nie. Of dink aan die ryk man in Luk 16:24 as hy in Hades is, is hy net besorgd dat Abraham tog sy tong sal afkoel met water – hy is steeds nie bereid om hom te bekeer nie. Geliefdes: Kain se hart was hart. En 'n harde hart is hard.

Die verstommende is die reaksie van die Here in vers 15: Die Here onderneem dat as enigeen Kain sou doodmaak, sou die Here sy dood sewe maal wreek. Dit moes sekerlik 'n afskrikmiddel gewees het om te voorkom dat iemand ligtelik Kain sou doodmaak. Boonop gee die Here aan Kain 'n teken. Ons weet nie presies wat die teken was nie – verskeie kommentatore spekuleer dit was iets soos 'n tatoeëermerk. Let op: Kain was steeds vervloek, hy sou steeds 'n doellose swerwer wees, die grond sou steeds nie sy vrug oplewer nie – maar Kain het 'n teken van die Here ontvang. Hierdie teken sou Kain herinner hoekom hy die swaar beleef wat hy beleef – dit is die gevolg van die oordeel van die Here oor hom oor die hardheid van sy hart. Maar dit sou ook ander mense herinner dat Kain se lewe steeds 'n lewe is wat vir die Here kosbaar is, en nie sondermeer geneem kan word nie. Dit is verstommend dat die Here steeds genade betoon het, selfs aan 'n persoon soos Kain.

Vers 16 sluit hierdie gedeelte af en sê Kain het toe uit die Here se teenwoordigheid weggegaan en in die land Nod gaan woon, oos van Eden. Dit is tragies dat Kain sy rug finaal op die Here gedraai het, en uit Sy teenwoordigheid weggegaan het.

Ons kan dus die gevolgtrekking maak dat die Here nie Kain se offer met guns beskou het nie, oor die hardheid van sy hart. Dit strook met 1 Joh 3:12 wat sê: “nie soos Kain, wat uit die Bose was en sy broer vermoor het nie. En waarom het hy hom vermoor? Omdat sy daade sleg was, en die van sy broer regverdig”. Ja, Kain was uit die bese, en daarom was sy daade sleg, en daarom het hy sy broer vermoor. En daarom, al het hy ‘n offer gebring, was sy hart nie in die offer nie, en het die Here dit nie met guns beskou nie. Daarteenoor was Abel se daade regverdig. Heb 11:4 sê: “Deur geloof het Abel ‘n beter offer as Kain aan God gebring, waardeur getuig is dat hy regverdig was toe God oor sy gawes getuienis gelewer het; en deur geloof praat hy nog steeds, al het hy gesterf.”

Toepassings

Kan ek die volgende toepassings uitlig:

- Gen 4 vloei voort uit Gen 3. In Gen 3 het ons geleer dat die Here God vyandskap gestel het tussen Eva en die duiwel, en tussen haar nageslag en sy nageslag. Dit is waarvan ons lees in Gen 4. Ons lees van Kain en Abel – albei was fisies uit die nageslag van die vrou. Maar ons lees ook dat daar vyandskap was tussen Kain en Abel – so erg dat Kain vir Abel doodgemaak het. As ons dieper gaan grawe oor hoekom Kain so opgetree het, sien ons dat hy uit die Bose was – soos wat 1 Joh 3:12 sê. Ons sien dit bevestig in hoe hy optree: Hy bring offers, maar sonder dat sy hart daarin is. Hy laat hom nie deur die Here waarsku nie. Hy vermoor sy broer uit jaloesie. Hy lig vir die Here. Hy bely nooit sy sonde nie. Hy het nooit berou daaroor nie. Hy gaan finaal uit die teenwoordigheid van die Here weg. Dit is hoe die nageslag van die duiwel lyk. Daarteenoor bring Abel ‘n offer wat die Here met guns aanskou. Hy doen regverdige daade, en Heb 11 sê hy het geloof gehad. Dit is hoe die nageslag van die vrou lyk. Die wese van die verskil tussen die twee nageslagte is die verskillende harte van die persone wat aan die twee nageslagte behoort. Jy kan nie die lengte van iemand se lewe gebruik om te besluit tot watter nageslag hy behoort nie. Jy moet selfs versigtig wees om die feit dat iemand offers bring te gebruik as ‘n maatstaf. In ons tyd: jy moet selfs versigtig wees om lidmaatskap of ywer in ‘n gemeente te gebruik as maatstaf om te besluit tot watter nageslag iemand behoort. Dit hang af van wat in die hart gebeur. Daar moet ‘n sagte hart wees, om tot die nageslag van die vrou te behoort. Die hart moet offers bring wat die Here met guns beskou. 1 Joh 3:12 sê hy moet regverdige daade doen. Onthou jy die velklere in Gen 3 wat ons gesien het die voorloper was van die helder fyn blink linneklere van Op 19? Onthou jy hierdie linneklere is juis die regverdige daade? Onthou jy wie het die velklere in Gen 3 gegee? Die Here God! Abel het velklere ontvang, en daarom was hy deel van die nageslag van die vrou – dit was ‘n genadewerk van die Here wat dit vir Hom gegee het. Kain het dit nie ontvang nie, daarom was hy deel van die nageslag van die duiwel.
- Ons het ook gesien dat die optrede van Kain op soveel maniere erger was as die sonde van Adam en Eva tydens die sondeval in Gen 3. Die gevolg is dat die oordeel van die Here oor Kain ook ernstiger is as oor Adam en Eva. Die Here oordeel regverdig – Sy oordeel pas by die oortreding. Die Here het genade betoon aan Kain deur Hom te konfronteer na hy ‘n leë offer gebring het – maar Kain het dit geïgnoreer. Die Here het verder genade aan hom betoon deur hom te konfronteer na hy Abel doodgemaak het – maar Kain het dit ook geïgnoreer. Daarom is die Here se oordeel so streng: Kain is vervloek, hy word ‘n doellose swerwer vir wie die grond niks oplewer nie. En op die ou end eindig Kain buite die teenwoordigheid van die Here. Die punt wat ons moet raaksien is dat die verskil tussen die nageslag van die vrou en die nageslag van die duiwel is nie of iemand in sonde geval het of nie – nee, in Adam het alle mense in sonde geval. Die verskil is wat doen iemand wanneer hy in sonde geval het en deur die Here gekonfronteer word – as hy dan steeds volhard met ‘n harde hart, kan hy

verwag dat die Here hom al feller sal konfronteer tot hy eventueel finaal uit die teenwoordigheid van God onbekeerd weggaan, en vir ewig verlore gaan. Soos wat dit waar was dat Abel uit genade velklere ontvang het, so is dit ook waar dat die Here verwag dat 'n sondegevalle mens moet besef hy het genade nodig om uit sy penarie gered te word. Hy moet besef hy het velklere nodig. As die mens nooit tot daardie besef kom nie, is hy deel van die nageslag van die duiwel en sal hy God se oordeel moet dra.

- Fisiese afstamming bepaal nie of jy deel is van die nageslag van die vrou of die nageslag van die duiwel nie. Dit het dit nog nooit bepaal nie – selfs nie so lank terug as Gen 4 nie. Daar is 'n siening dat fisiese afstamming in die Ou Testament bepalend was, en dat in die nuwe verbond wedergeboorte die bepalende faktor is. Gen 4 trek 'n streep deur daardie siening. Al wat fisiese afstamming in die Ou Testament bepaal het, is of iemand deel was van die fisiese volk Israel. Ons leer in elk geval uit die geskiedenis van die volk dat die grootste deel van die volk nooit in die beloofde land uitgekome het nie. Nee, die vraag sedert Gen 3 al is of iemand velklere ontvang het, of iemand ag geslaan het op die waarskuwings van die Here, of iemand uit 'n besef van eie onvermoë hulpeloos na die Here gekom het en gepleit het: “Wees my as 'n arme sondaar genadig!” Dit bepaal of jy deel van die nageslag van die vrou is, dit bepaal of jy deel is van die ware nageslag van Abraham, dit bepaal of jy deel is van die ware Israel. Dit is hoe dit nog altyd gewerk het. Dit maak nie saak, en dit het nog nooit saak gemaak, hoe gelowig jou ouers of jou familie is nie – die vraag is of jy persoonlik al met 'n stukkende hart oor jou sonde voor die Here gekom het.